**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk, Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES**:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Al DRIE afdelings is VERPLIGTEND.
- Lees die INSTRUKSIES by elke afdeling.

---

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

### VRAAG 1

**INSTRUKSIES**:

Jy het gedurende die afgelope jare in Afrikaans-onderrig met skryfwerk oor ? wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

- EEN opdrag van 30 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer **250 – 350** woorde wees.
- Hou by die vereiste lengte.
- Bepaal jou by die onderwerp.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Skryf die nommer van die vraag bo-aan jou antwoord neer.
- Werk netjies.
- Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

  ? Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
  ? Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
  ? Die VORM van die skryfstuk
  ? Die TAAL, STYL en TRANT wat by die skryfstuk pas

1.1

> So lui die ou-ou sprokie my kind as jy geluk en vreugde wil vind, soek die neonboog se punt.

Skryf ? stuk waarin jy oor die einde van jou neonboog DROOM en wat jy daar sal vind.

**OF**

1.2 Familie: ? seën of ? verleentheid? Skryf ? BESKRYWENDE opstel oor karakters in julle familie wat jy as ? seën of verleentheid beskou.

**OF**

1.3 Dikwels hoor tieners die volgende: “Jy is groot en behoort van beter te weet. Jy is nog nie groot nie. In hierdie huis sal jy die reëls van die huis gehoorsaam.” Dis beslis nie maklik om in hierdie eeu ? tiener te wees nie. Skryf ? stuk waarin jy die probleme van die moderne tiener BESPREEK.

**OF**

1.4

> VRIENDSKAP
>
> Sing uitbundig saam met jou vriende op die bergtoppe van die lewe en loop in stilte saam met hulle deur die valleie.
>
> **Anoniem**

Bostaande woorde is deur ? anonieme persoon geskryf. VERTEL van die vriende wat jy het en watter rol hulle in jou lewe speel.

**OF**

1.5

**15 HONDE VERGIFTIG**

**EIENAAR LOS KATTE IN OOP STUK VELD**

**KAT IN MIKROGOLF GEKOOK**


**DONKIE MET SWEEP GESLAAN TOT DIT OMKAP.**

Hierdie is slegs ? paar opskrifte van berigte in ? plaaslike koerant. Gee mense nog vir diere om? Is daar ? manier om diere te beskerm? Skryf ? stuk waarin jy dierebeskerming of dieremishandeling BESPREEK.

**OF**

1.6 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf ? skryfstuk oor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van ? treffende titel. Skryf ook die nommer van jou keuse boaan die skryfstuk neer. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, beredenerend of bespiegelend wees. Dit kan ? opstel, verslag, betoog of artikel wees.

1.6.1




(Uit: *Beeld*, 17 Februarie 2005)

**OF**

1.6.2




(Uit: *Vrouekeur*, Februarie 2005)

1.6.3 **SOVEEL BEROEPE, SOVEEL KEUSES.
WAT GAAN EK EENDAG WORD?**




(Uit: *Pocket Encyclopedia*) **[30]**

AFDELING B

**FUNKSIONELE SKRYFWERK**

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van jou skryfstuk moet **150 – 200** woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

2.1 Jou gunstelingniggie / -neef vier eersdaags sy / haar mondigwording. Omdat julle van kleins af alles saam doen, het jou tante jou gevra om ? toespraak tydens die partytjie te lewer. Skryf die **toespraak** wat jy gaan lewer neer.

**OF**

2.2 Jou vriend / vriendin het onlangs geld geërf. Hy / sy het nou heeltemal alle beginsels oorboord gegooi en hou die een wilde partytjie na die ander. Jy is een van sy / haar beste vriende / vriendinne en ag dit jou plig om hom / haar te waarsku teen sulke onverantwoordelike gedrag. Skryf die **dialoog** wat tussen julle plaasvind neer.

2.3 ? Plaaslike gemeenskapsleier / -leidster het julle gesin in tye van nood werklik bygestaan en van goeie raad bedien. Julle gesin beleef nou beter tye en alle krisisse is nou iets van die verlede. Skryf ? **brief** aan hierdie leier / leidster om hom / haar te bedank.

**OF**

2.4 Jy is die hoofraadgewer van die ***Finesse***-tydskrif en het die volgende brief van ? moedelose leser ontvang. Skryf die **raad** neer wat jy vir die leser sal gee.

> **HY HET MY TWEE KEER VERNEUK**
>
> V Ek is sewentien en gaan al die afgelope jaar en ? half met ? ou uit. Ek het by sy vriende gehoor dat hy my twee keer verneuk het met meisies in ? ander skool. Ek het met hom uitgemaak, maar het hom intussen weer teruggevat. Ek het hom te veel gemis. Nou sukkel ek om te vergeet dat hy saam met ander meisies was. Moet ek hom los, of moet ek probeer om hom te vergewe? Hy is in baie ander opsigte baie goed vir my. – Lize, 17
>
> **(Uit: *Finesse*, Mei 2005)**

**OF**

2.5 ? Kompetisie is deur die Keurboekklub geloods en die wenner sal ? vakansie vir twee na Durban wen. Om in aanmerking vir die prys te kom moet jy ? **Resensie** oor enige boek wat jy onlangs gelees het, skryf.

Onthou dat die volgende inligting deel van jou resensie moet wees:

- ? Treffende opskrif
- ? Waardebepaling
- ? Aanbeveling

> **RESENSIES**
>
> ***EEN VIR DIE WOLFSKOF***
> **Johnita le Roux (Lapa, R139,95)**
>
> Twee vroue ken te veel geweld en hartseer. Berta wil haar huwelik met Jakes red en die kliniese Larey is besig met haar proefskrif oor geweld deur die eeue in SA.
>
> Sy kry ? ryk bron in Berta se vertellings oor haar en Jakes se voorgeslagte – Afrikaners van alle kleure en herkomste. Soos sy vertel, spring die verhaal van die een tyd na die ander – nogal verwarrend (? lys karakters en plekname sou gehelp het).
>
> Die twee onderneem saam ? kruistog. Hier begin die verhaal en mense jou boei. Die karakters wat die twee ontmoet en hul ervarings help albei se ou wonde genees en laat hulle verander, soms ten goede, soms nie.
>
> Uiteindelik is dit die verhaal van harde mense in ? harde land, maar ook van menslike en goddelike genade – soos in die ontroerende slothoofstuk.
>
> **Reinet Louw**
> **(Uit: *Sarie*, Mei 2005)**

(15)

## VRAAG 3

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van jou skryfstuk moet **80 – 100** woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

3.1 Jou moeder / vader word sestig jaar. Jy beplan ? verrassingspartytjie. Jy is bang iemand gaan die geheim uitlap, daarom laat weet jy sekere lede eers laat van die reëlings vir die aand. Skryf die inhoud van die **faksnota** wat jy aan hulle stuur neer.

**OF**

3.2 Jou ouma is baie hartseer oor jou broer / suster oorsee vertrek het om haar / sy studies te voltooi. Skryf die inhoud van die **kaartjie** neer wat jy aan jou ouma stuur om haar te troos en te herinner dat jy nog hier is.

**OF**

3.3 In julle dorp is daar ? gemeenskapsentrum waar die hele gemeenskap gewoonlik bymekaarkom. Die kleintjies leer ballet, karate, ens. Die oues van dae hou hulle klubdae daar en die tieners speel tafeltennis, vlugbal en netbal. Die gemeenskapsentrum lyk vervalle en moet dringend opgeknap word en daar is besluit om ? pretdag te hou om fondse in te samel. Jy is die reklamebeampte vir die projek. Skryf die **advertensie** neer vir die pretdag wat julle beplan. (15)

15x2=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A EN B: [60]**

AFDELING C
## LITERATUURSTUDIE

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie afdeling tel 20 punte.
- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Die vrae handel onderskeidelik oor ***BOEKET*** (Tony Links e.a.) en ***VERLORE PARADYSE*** (N.J. Snyman)
- Beantwoord dus net ? vraag oor die boek wat jy behandel het.

***BOEKET*** (Tony Links e.a.)

Jy het ? keuse tussen Vraag 4 (kontekstuele vraag) of Vraag 5 (paragraaftipe vraag).

## VRAAG 4

Bestudeer die volgende teksfragment en beantwoord die vrae:

Uit: ***DE HERBERGIER VAN PIDALGO*** – Godfried Bomans

"Komaan", sprak de hertog, na enige tijd gewacht te hebben of er iemand ter verwelkoming naar buiten trad, "wij zullen naar binnen gaan."

Hij lichtte de klink van die deur op, duwde haar open, en bleef aangenaam verrast op de drempel staan. In de grote gelagkamer was een sneeuwitte dis gedekt, versierd met brandende kaarsen en fijn bladgroen. Op de schotels lag het vermaarde vleis, lichtbruin gebraden en voortreffelijk van uitzicht. Aan het hoofdeinde zat de waard. Hij zag zeer bleek.

"Mijne here", sprak hij met zwakke stem, "daar ik eerst onlangs van een zware ziekte hersteld ben, gevoel ik mij niet in staat u naar behoren te begroeten noch minder u te bedienen op de wijze die bij uw rang en stand past. Duidt het dus nie euvel, indien een gering man in uw midden heeft plaatsgenomen om toe te zien dat alles volgens uw wensen geschiedt. En zo ik dar niet zelf de schotels kan aanreiken, ik heb toch mijn zitplaats zo gekozen, dat ik u naar beste krachten behulpzaam ben. De hertog fronste een ogenblik het voorhoofd, doch hij zag weldra de redelijkheid van deze woorden in. Het gebraad smaakte uitstekend. Eensgezind was de lof der aanzittende disgenoten en ook de hertog zelf was niet karig met zijn lofuitingen. Vele hoven had hij bezocht, zo zeide hij en hij mocht zich beroemen op een keuken die voor geen dezer onderdeed. Doch hier had hij zijn meester gevonden. Mocht hij ook de naam vernemen van dit wildbraad, dat zozeer zijn verwachtingen had overtroffen?

"Edele heer", sprak de waard, na enige ogenblikken in verlegenheid voor zich gekeken te hebben, "uw woorden verblijden mij en doen mij offers vergeten, die ik voor de bereiding van dit gerecht gebracht heb. Vergun echter dat ik je de naam ervan niet noem en wees zo goed tevreden te zijn met de verzekering, dat ik slechts het edelste wild uw schotel heb waardig geacht."

4.1 Wat is ? **hertog** (r. 1)? (1)

4.2 Waarom nooi die herbergier die hertog (r. 1 – 3) nie in nie? (1)

4.3 Waaroor is die hertog so verras in r. 5 – 8? Noem TWEE dinge. (2)

4.4 As gevolg waarvan is die herbergier bleek volgens r. 9? (1)

4.5 Skryf ? <u>woord</u> in r. 17 – 18 neer wat die hertog se onbegrip verraai. (1)

4.6 Hoeveel edelmanne vergesel die hertog tydens die maal? (1)

4.7 In r. 25 is daar ? uitdrukking wat ook in Afrikaans bestaan. Skryf die Afrikaanse weergawe daarvan neer en verduidelik wat dit hier beteken. (2)

4.8 Wat vra / versoek die hertog in r. 24 – 25? (1)

4.9 Die herbergier is verleë (r. 26 – 28). Gee TWEE redes vir sy verleentheid. (2)

4.10 Die woord **offers** (r. 28) dui op opofferings. Wat het die herbergier letterlik hier vir die maaltyd **geoffer**? (1)

4.11 Gee TWEE redes waarom dit ongehoord is dat die herbergier tans nog ? feesmaal kan voorsit. (2)

4.12 Wat beteken **vermaarde vleis** (r. 7 – 8)? (1)

4.13 Waarom is **vermaarde vleis** (r. 7 – 8) hier baie ironies? (1)

4.14 Skryf TWEE opeenvolgende woorde in r. 14 neer wat op die herbergier se nederigheid dui. (1)

4.15 Wanneer ? mens in nood verkeer, maak jy dikwels ? slinkse plan om die probleem te oorkom.

4.15.1 In watter nood- of probleemsituasie verkeer die beroemde herbergier tans? (1)

4.15.2 Wat behels sy slinkse plan? (1)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 5**
***DE HERBERGIER VAN PIDALGO* – Godfried Bomans**

Skryf ? opstel van **300 – 400** woorde oor *De Herbergier van Pidalgo* waarin jy aandag aan die volgende aspekte skenk:

- Die herbergier is sonderling / uniek. Vertel meer van sy menswees, strewes en geaardheid en verduidelik waarom en waarvoor hy so gewild is.
- Eers het dit goed gegaan met die herbergier, maar toe tref die ongeluk hom. Wat behels dit en hoe het hy daarop gereageer?
- Tot die leser se verbasing wend die herbergier tóg ? eindpoging aan om sy struikelblok op te los. Wat het hy gedoen en waarom?
- Verduidelik waarom die einde van die verhaal vir jou ? skok is en sê of jy ook soos die herbergier sou optree. Gee redes vir jou antwoord. (20)

**OF**

## *VERLORE PARADYSE* – N.J. Snyman

Jy het hier ? keuse tussen Vraag 6 (kontekstuele vraag) en Vraag 7 (paragraaftipe vraag).

### VRAAG 6

Bestudeer die volgende teksfragment en beantwoord die vrae:

Uit: ***DIE INVLOED*** – Pirow Bekker

Wanneer ? jongman ? meisie in sy hart liefgekry het en sy sy liefde boonop beantwoord, is daar min dinge wat hom van haar af sal weghou. Die stokou reëltjies: “Si conden bi malcander niet comen, het water was veels te diep” bestaan nie in sy liefdesbundel nie. Bygesê natuurlik: as hy nie ? slap hoofse minnaar is nie, maar ? man met murg in sy pype.

? Man met alles veil, selfs sy eie lewe – en bereid om dit te bewys. In hierdie geval was die vurige jongman ? visserseun van ons dorp: Wenning Nylandt. ? Oop, regskape jongeling wat elke dag wat die goeie Vader gegee het, voluit gelewe het. Die meisie was Milla van de Wateren. Tussen hierdie twee minnaars – daaroor het die dorp se inwoners saamgestem – sou die see self hom weldra uitstrek. So naby en tog so ver.

Verduidelik, verduidelik ou waarnemers graag hoe dié twee uit die staanspoor vasgedraai was. Wenning was van geboorte af ? seemens, ? visser wat sy ambag op die water geleer het.

So het iedereen hom aanvaar: ? brood-uit-die-water-mens. Iedereen behalwe Milla se ma. Hilda Sewes (só genoem na haar oorlede man Sewes) was ? geswore landmens wat haar in ? oomblik van swakheid laat meevoer het tot die bestaan van ? visserman se vrou. Dié swakheid het sy haarself nooit vergewe nie.

Sy het net gelewe vir die dag wanneer sy nie meer na die verraderlike blou dam hoef te kyk vir elke dag se kos om te eet nie.

Of Wenning lief sou geword het vir die see as hy in ander omstandighede grootgeword het, is moeilik om te sê. Ook sy pa was visser. Soos die meeste hier. Maar ook anders.

Die see was vir hom sy hartklop. Op die see was hy in sy element. Op land was hy ontuis: lomp soos ? verdwaalde robkalf. Stil, in homself gekeer. Maar op die water het hy uitgevloei en saamgeborrel. Hy het elke môre gesing wanneer hy op die water uitgaan. En van speenoud af was saam met hom op die skuit die seun wat sy tengerige vrou hom gegee het voordat sy heeltemal weggekwyn het en dood is: Wenning. Groot voor sy tyd. Seemanskappie en al.

Hilda Sewes se man is deur die see weggeneem. Op ? helder middag het ? storm uit die suide gekom en die weer selfs in Vredenbaai hoër opgejaag as wat enigiemand kan onthou.

Twee dae later is die skuit aan ? rots gevind asof dit ? kapstok is waaraan die see hom gehang het. Nog ? dag later is Sewes deur speelse golfies op die sand uitgedra

Ongeskonde. In sy fleur. Maar ? lyk. Hilda Sewes was verbitterd. Sy geliefde see!

En wat van haar nou? Sy het bly sit met ? kind. ? Dogter genadiglik. ? Dogter wat die see nie sou sien nie.

Sy wou inderdaad onmiddellik haar kind vat en padgee. Maar hier het sy ? dak oor haar kop gehad en ? groentetuintjie wat tydelik siel en liggaam aanmekaar kon hou. Toe bied ou Willem Swanepoel nog vir haar ? werkie in sy slaghuis aan. Weldra het dié sterk vrou die werk van enige blokman gedoen. En beter ook.

Sy het gebly. Voorlopig.

Aanvanklik het die vriendskap tussen Milla en Wenning haar min gepla. Hulle was spotkinders. Dit was sommer van niks-anders-het-om-te-doen-nie dat hulle ure lank kon sit en ginnegaap. Skielik stilbly as sy naby kom.

6.1 Het Wenning murg in sy pype gehad? (Antwoord net ja of nee.) (1)

6.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 6.1 en gebruik reëls 6 – 10 as leidraad. (2)

6.3 Watter ambag is in r. 12 ter sprake? (1)

6.4 Hilda Sewes was ? **geswore landmens**, maar Wenning was die teenoorgestelde. Watter WOORD of FRASE in r. 14 beskryf Wenning se geaardheid? (2)

6.5 Lees weer r. 20 – 28.

6.5.1 Dink jy dat Wenning rede gehad het om ? liefde vir die see te koester? (Antwoord net ja of nee.) (1)

6.5.2 Staaf jou standpunt in Vraag 6.5.1 se antwoord. (2)

6.6 Waarom is die pleknaam **Vredenbaai** (r. 30) ironies? (2)

6.7 Waarom kon Hilda dit nie verdra toe sy bemerk hoe ernstig Milla en Wenning se verhouding was nie? (2)

6.8 Waarom is Hilda selfsugtig volgens r. 34 – 36? (1)

6.9 Met watter woord in r. 38 hou **voorlopig** (r. 41) verband? (1)

6.10 Watter tipe verteller is in hierdie verhaal aan die woord? Dink veral aan die slot-ooggetuieverslag in die verhaal. (1)

6.11 Wat dink jy het werklik aan die einde van die verhaal gebeur? Gebruik die aanhaling in r. 2 – 3 as leidraad. (1)

6.12 Hilda Sewes het haarself nooit vergewe dat sy met Sewes getrou het nie. Tog offer sy Wenning aan die haaie. Het hierdie offer haar lewe uiteindelik vergemaklik? Motiveer jou antwoord. (2)

6.13 Wat het hierdie verhaal vir jou geleer omtrent ouers se rol in hulle kinders se liefdesverhoudings? (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 7**

7.1 ***DIE SKERPIOENE*** – Paul C. Venter

Aan die einde van die verhaal is Frannie ? ryper mens en is daar volkome vrede in hom. Daar het dus **karakterontwikkeling** plaasgevind. Skryf ? goed beplande opstel van **180 – 200** woorde oor Frannie se karakterontwikkeling en verwys in jou antwoord na die volgende aspekte:

- Frannie se wêreldvreemde houding op Skulpbaai
- Sy verhouding met sy pa
- Sy betrokkenheid en innerlike vrede (10)

**EN**

7.2 ***DIE INVLOED*** – Pirow Bekker

Skryf ? goed beplande opstel van **180 – 200** woorde oor hierdie verhaal wat oor die krag van jeugliefde handel en verwys in jou antwoord na die volgende aspekte:

- Sekere name met ? simboliese betekenis soos:
  Vredenbaai
  Wenning Nylandt
  Milla van de Wateren

- Die leser kan die verhaalslot op drie moontlike wyses verstaan. Sê watter drie interpretasiemoontlikhede daar is, en verduidelik hoe **jy as leser** die slot verstaan. Jou standpunt moet gemotiveerd wees.

- Die verhaaltitel kan ook meer as een moontlike betekenis hê. Bespreek minstens DRIE betekenismoontlikhede van die verhaaltitel. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**